**10 September** **Skrifgedeelte: Psalm 51:1-21**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 15

**Die erfsonde**

Dit is een van die mees ontstellende oomblikke in 'n mens se lewe wanneer jy ontdek dat jy nie net sonde doen nie, maar sonde IS! Solank jy nog glo dat jy net sonde doen, leef jy in die waan dat jy inherent dan tog nie so 'n slegte mens is nie. Jy moet net daarteen waak om verlei te word, of om die slegte voorbeelde van ander na te volg.

Dan breek die ontstellende dag aan wanneer jy in jouself geskok word – deur 'n daad, 'n oortreding, 'n sonde, iets wat net gebeur het, al het jy nooit gedink jy sal so iets doen nie. Wanneer die Heilige Gees later 'n profeet, 'n preek, 'n woord op jou pad bring wat jou gewete agteruit laat maal, staan jy skielik voor dié waarheid dat die oortredings van God se wette reeds lank voor hulle dade geword het in jou 'n sluimerende werklikheid was, diep in jou gedagtes, jou drome, jou hele wese. Jy word daarmee gekonfronteer dat toe jou moeder met jou swanger geword het sy 'n moordenaar, 'n dief, 'n egbreker, 'n vloeker en 'n afgodsdienaar gedra het (vers 7). Soos Guido de Bres dit stel, jy het 'n “oorgeërfde gebrek” wat sonder ophou, soos uit 'n “wortel”, in jou “allerhande sondes laat uitspruit” (Art 15, NGB).

Hierdie oomblik van waarheid is een van totale verbryseling (vers 10). Jy sit miskien, soos Dawid, nog wel op jou troon, maar jy staan sonder woorde (vers 17) of offer (vers 19) voor God. Jy sien jouself in 'n flits deur SÝ oë (6).

Miskien is vandag die dag wanneer God wil dat jy soos Dawid in vers 12 besef kosmetiese veranderings gaan nie genoeg wees nie, jy het 'n hartoorplanting nodig: “Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees!”

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~